MPO Nuusbrief

Verteenwoordig en bemagtig die produsent **25 November 2011**

Huidige produsenteprysvlak nie volhoubaar nie

Die huidige lae produsentepryse is nie volhoubaar nie. Produsentepryse is oor die algemeen 10% laer as in 2009. Terwyl produsentepryse sedert 2009 gedaal het, het insetkostes skerp gestyg. Hierdie kombinasie van laer produsentepryse en hoër insetkostes plaas aansienlike druk op melkprodusente en beperk enige moontlikhede van hoër produksie. In teenstelling met die Suid-Afrikaanse situasie, is die internasionale situasie steeds positief. Suiwelprodukpryse het sedert die 2008-insinking skerp gestyg en hoewel pryse sedert die middel van 2011 effens gedaal het, is dit steeds aansienlik bo hierdie vlakke. Hoër wêreldpryse en 'n 21% devaluasie in die waarde van die rand het invoerpariteit na meer as R4,00 per liter gedruk. Die prys van suiwelprodukte op verwerkersvlak was in September 2011 1,1% hoër as in September 2010. Dit blyk dus dat melkprosesseerders hulle prysvlakke kon handhaaf terwyl hulle volumes gegroei het. Dr Koos Coetzee, MPO-hoofekonoom, het gesê dat melkkopers vroeg in 2012 melkvoorsieningsprobleme mag ervaar indien melkprodusente nie binnekort prysverhogings ontvang nie.

KZN boere onder druk as gevolg van prysverhogings

KwaZulu-Natal (KZN) melkprodusente gaan swaar gebuk onder prysverhogings in hulle hoofinsette naamlik voer en kunsmis. Berekeninge wat onlangs gepubliseer is deur KZN suiwelkonsultant Mnr Allan Penderis toon dat suiwelmeelpryse van gemiddeld R2 341 per ton vir die jaar tot Julie 2011 gestyg het na die huidige R2 581 en kunsmis van R4 907 per ton na R6 512. Die styging in voer- en kunsmispryse sedert 2010 het boere se winsmarge met 86% laat daal. Hy grond sy berekeninge op die 12 maande rol kuddegemiddelde syfers wat gepubliseer word vir die groep KZN boere wat by sy studiegroep betrokke is. Alhoewel die boere gemiddeld 'n minimale winsmarge sal toon, gaan kleiner produsente nie meer winsgewend wees nie. MPO ekonoom, Dr Koos Coetzee sê dat die syfers deur Mnr Penderis verskaf die MPO se mening dat produsentepryse dringend verhoog moet word, bevestig.

Dertiende PICA-toekenning vir *The Dairy Mail*

The Dairy Mail, die MPO se tydskrif vir die suiwelsektor wat deur Agri Connect uitgegee word, is tydens die 42ste jaarlikse PICA-

toekennings van die Magazine Publishers' Association of South Africa (MPASA) weereens vir uitstaande werk beloon. Die toekenningseremonie is op Donderdag, 17 November by die Sandton Konferensiesentrum gehou. Tydens die geleentheid is die tydskrif vir die dertiende keer in sewe jaar met 'n PICA beloon, hierdie jaar vir die voorblad van die Februarie 2011-uitgawe in die besigheidspublikasiekategorie. Mnr Bertus de Jongh, MPO HUB, het gesê die doel van die tydskrif is nie om toekennings te verower nie, maar om melkprodusente te dien deur die nuutste inligting en tegnologie oor te dra.

Kollig op agri-ekonomie

Blaai na bladsy 35 van die November-uitgawe van *The Dairy Mail* vir 'n verslag van die jaarlikse Agri Mark Trends Outlook wat onlangs in Pretoria gehou is.

MPO Noord vergader met produsente in Ventersdorp

Mnr Johan Strydom, voorsitter van MPO Noordwes, en me Alta van Zyl, streekskoördineerder van MPO Noord, het op Donderdag, 24 November met 'n aantal melkprodusente in Ventersdorp vergader om sake van gesamentlike belang te bespreek. Mnr Strydom het die produsente ingelig oor die dienste wat deur die MPO gelewer word en hulle uitgenooi om hulle menings en bekommernisse uit te spreek. Die produsente het hulle waardering uitgespreek vir die omvang van dienste wat deur die MPO gelewer word en die organisasie aangemoedig om voort te gaan met die bevordering van produsentebelange. Die vergadering is gekenmerk deur positiewe interaksie en voorstelle wat deur die MPO opgevolg sal word.

Santam agriculture

Goeie vordering met WDS 2012 programme

Die programkomitee het hierdie week vergader om die vordering van die beplanning van die 2012 Internasionale Suiwelfederasie Wêreldsuiwelspitsberaad (WDS) te bespreek. Volgens dr Nico Schutte, het alle programorganiseerders voorlopige programme ontwikkel. Die voldag melkboerderykongres is veral van belang vir melkprodusente. Dit sal sessies oor die drywers van winsgewendheid in melkboerdery, opvolgbeplanning en die analise van die waardeketting insluit. Die program is so gestruktureer dat boere die konferensie en die volgende dag se plaasbesoeke kan bywoon. Skakel dr Nico Schutte by 012 843 5604 of stuur 'n e-pos aan **nico.schutte@mpo.co.za** vir meer inligting oor die program van die Wêreldsuiwelspitsberaad.



MBISI verkies nuwe direksie

Tydens 'n ledevergadering op 23 November, het Milk Business Information Systems (MBISI) 'n nuwe raad van direkteure verkies. Mnre M de Jager, N Serdyn, G van Rensburg, N Hobbs en H Neetlingh is tot MBISI se direksie verkies. Die MPO wens hulle geluk met hulle aanstellings en wens hulle ook voorspoed toe met die uitdagings wat voorlê.

Meld probleme met TB en TB-sertifisering aan

Melkprodusente wat tans probleme met TB en/of TB-sertifisering van hulle kuddes ondervind, word dringend versoek om inligting hieroor aan dr Nico Schutte van die MPO se Cendel te stuur. <**Kliek hier**> om 'n e-pos aan dr Schutte te stuur.

Aanval op melkplaas in Malmesbury

Mnr Pieter Loubser en sy vrou Brenda is die afgelope naweek op hulle melkplaas by Malmesbury aangeval. Beide het ernstige beserings opgedoen en word in 'n plaaslike hospitaal behandel. Die MPO wens hulle 'n spoedige herstel toe.

RSG onderhoud

Me Lise Roberts van RSG het op Maandag, 21 November met dr Danie Odendaal, bekende veeartsenykundige adviseur, gesels oor die siektes van lewendehawe wat veral hierdie tyd van die jaar voorkom. Gebruik die ikoon hieronder om na hierdie onderhoud te **luister**.

(Hierdie ikoon kan van u rekenaarskerm af geskandeer word.)

Skakels

Melkprodusente-Organisasie

The Dairy Mail

Kontak ons

Bertus de Jongh – Uitvoerende hoof
Barbara Bieldt– Bestuurder, markbeskerming en ontwikkeling
Dr Koos Coetzee – Ekonoom
Philip Swart – MPO-lededienste

GEBRUIK DIE NUWE "TAG READER"

Hier is 'n **nuwe manier** om meer uit die MPO nuusbrief te kry. Gebruik jou selfoon met ingeboude kamera om die ikone te skandeer en kry meer inligting deur 'n klanksnit of 'n video op jou foon.

GAAN SO TE WERK

Laai die skandeerder (Tag Reader) af.
Daar is twee maniere om dit te kry.

- In jou foon se web-blaaier, gaan na http://www.gettag.mobi en kies download. Die skandeerder is gratis.
- As jy 'n slimfoon het, gaan na die foon se toepassings winkel (App store), soek Tag Reader en klik om dit af te laai.

SKANDEER

Jou foon se model sal bepaal of jy die ikoon sal moet afneem of skandeer.

- Gaan na die Tag Reader op jou foon (dit behoort in jou downloads-kieslys of apps-kieslys te wees) en maak dit oop.
- Hou jou selfoon oor die ikoon asof jy dit gaan afneem. Party fone sal self die ikoon skandeer en met ander sal jy 'n foto daarvan moet neem.

KYK EN LUISTER

- Meeste slimfone sal outomaties die klank- of videogreep aflaai en speel

Neem asseblief kennis hierdie e-pos is nie gemorspos nie. Dit is 'n nuusbrief van die MPO aan u, die gewaardeerde melkprodusent. ***www.mpo.co.za*** */ 012 843 5600*

PRINT | DIGITAL | MOBILE | RADIO | EVENTS | BRANDED CONTENT

AgriConnect
Your communications partner in the agricultural industry

Gepubliseer deur Agri Connect